

G 68 G
s. 559



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

STAATSKOERANT

GOVERNMENT GAZETTE

OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 353

KAAPSTAD, 11 NOVEMBER 1994

No. 16083

CAPE TOWN, 11 NOVEMBER 1994

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 1952. 11 November 1994

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet, wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:

No. 15 van 1994: Wet op Maritieme Sones, 1994.

OFFICE OF THE PRESIDENT

No. 1952. 11 November 1994

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:

No. 15 of 1994: Maritime Zones Act, 1994.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Om voorsiening te maak vir die maritieme sones van die Republiek; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Afrikaanse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 9 November 1994.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—
- (i) “ampelik erkende grootskalige see- of landkaarte” grootskalige see- of landkaarte verskaf deur onderskeidelik die Hidrograaf van die Suid-Afrikaanse Vloot en die Hooflandmeter-generaal; (viii) 5
 - (ii) “basislyn” ’n basislyn beoog in subartikel (1), (2) of (3) van artikel 2; (i)
 - (iii) “hierdie Wet” ook die regulasies; (xiii)
 - (iv) “installasie” enige van die volgende wat binne die binnewaters, territoriale waters of eksklusiewe ekonomiese sone of op of bo die vastelandsplat geleë is: 10
 - (a) ’n Installasie, met inbegrip van ’n pyplyn, wat gebruik word vir die verplasing van enige stof na of van— 15
 - (i) ’n skip;
 - (ii) ’n navorsings-, eksplorasië- of produksieplatform; of
 - (iii) die kus van die Republiek.
 - (b) ’n Eksplorasië- of produksieplatform wat gebruik word by die prospektering na of myn van enige stof.
 - (c) ’n Eksplorasië- of produksievaartuig. 20
 - (d) ’n Telekommunikasiëlyn soos omskryf in artikel 1 van die Poswet, 1958 (Wet No. 44 van 1958).
 - (e) ’n Vaartuig of toestel wat gebruik word vir die eksplorasië of die eksploitasie van die seebedding.
 - (f) Enige gebied wat geleë is binne ’n afstand van 500 meter gemeet vanaf enige punt aan die buitekant van ’n installasie bedoel in paragraaf (a) of (b) en wat nie ’n pyplyn insluit nie. 25
 - (g) Enige gebied wat geleë is bo of onder ’n installasie bedoel in paragraaf (a) of (b); (ii)
 - (v) “laaggety-elewasie” ’n natuurlik gevormde landgebied wat omring is deur water en wat bo water is met laaggety, maar onder water met hooggety en binne ’n afstand van nie meer as 12 seemyle geleë is van die laagwaterlyn van die vasteland of van ’n eiland; (iii) 30
 - (vi) “laagwater” die gemiddelde hoogte van laagwater vir ’n getysiklus van 18,6 jaar; (iv) 35

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To provide for the maritime zones of the Republic; and to provide for matters connected therewith.

*(Afrikaans text signed by the President.)
(Assented to 9 November 1994.)*

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

- 5 (i) “baseline” means a baseline as contemplated in subsection (1), (2) or (3) of section 2; (ii)
- (ii) “installation” means any of the following situated within internal waters, territorial waters or the exclusive economic zone or on or above the continental shelf:
- 10 (a) Any installation, including a pipeline, which is used for the transfer of any substance to or from—
- (i) a ship;
- (ii) a research, exploration or production platform; or
- 15 (iii) the coast of the Republic.
- (b) Any exploration or production platform used in prospecting for or the mining of any substance.
- (c) Any exploration or production vessel.
- (d) A telecommunications line as defined in section 1 of the Post Office Act, 1958 (Act No. 44 of 1958).
- 20 (e) Any vessel or appliance used for the exploration or exploitation of the seabed.
- (f) Any area situated within a distance of 500 metres measured from any point on the exterior side of an installation referred to in paragraph (a) or (b) other than a pipeline.
- 25 (g) Any area situated under or above an installation referred to in paragraph (a) or (b); (iv)
- (iii) “low-tide elevation” means a naturally formed area of land which is surrounded by water and which is above water at low tide, but submerged at high tide and situated within a distance of not more than 12 nautical miles from the low-water line of the mainland or of an island; (v)
- 30 (iv) “low-water” means the mean height of low-water for a tidal cycle of 18,6 years; (vi)
- (v) “low-water line” means the intersection of the low-water tidal plane with the land and includes the low-water line on a low-tide elevation; (vii)
- 35

- (vii) "laagwaterlyn" die kruising van die getyplat van laagwater met die land en sluit die lyn van laagwater op 'n laaggety-elevasie in; (v)
- (viii) "Minister" die Minister van Vervoer; (vi)
- (ix) "reg op vrye en vreedsame deurvaart" die reg op vrye en vreedsame deurvaart bedoel in artikel 2 van die Wet op Seeverkeer, 1981 (Wet No. 2 van 1981); (x) 5
- (x) "reguit lyn" die kortste afstand tussen twee punte op 'n oppervlakte; (xii)
- (xi) "see" die water van die see, sowel as die bedding van die see en die ondergrond daarvan; (xi) 10
- (xii) "seemyl" die internasionale seemyl van 1 852 meter; (vii)
- (xiii) "voorgeskrif" en "voorgeskrewe" kragtens regulasie voorgeskryf. (ix)

Basislyne

- 2. (1) Behoudens subartikels (2) en (3) is die laagwaterlyn die basislyn. 15
- (2) Ondanks subartikel (1) is reguit lyne wat die gegroepeerde koördinate vermeld in Bylae 2 verbind die basislyne van die betrokke gedeelte van die kus.
- (3) Ondanks subartikels (1) en (2) is die buitenste grense voorgeskryf of bepaal ooreenkomstig subartikel (4) of (5) die basislyne.
- (4) Buitenste grense van binnewaters bedoel in artikel 3(1)(b) word op die voorgeskrewe wyse vasgestel. 20
- (5) In die afwesigheid van enige buitenste grense van binnewaters voorgeskryf ooreenkomstig subartikel (4), is die buitenste grense die buitenste hawewerke wat 'n integreerende deel van die hawesisteem uitmaak.
- (6) By enige verrigtinge van 'n geregshof is 'n voorgeskrewe see- of landkaart as *prima facie*-bewys van die inhoud daarvan toelaatbaar. 25

Binnewaters

- 3. (1) Die binnewaters van die Republiek bestaan uit—
 - (a) alle waters landwaarts vanaf die basislyne; en
 - (b) alle hawens.
- (2) 'n Wet wat in die Republiek van krag is, met inbegrip van die gemene reg, is ook van toepassing in die binnewaters en die lugruim bo die binnewaters. 30
- (3) Die reg op vrye en vreedsame deurvaart is nie in die binnewaters van toepassing nie, tensy die betrokke binnewaters voor die inwerkingtreding van hierdie Wet territoriale waters was. 10

Territoriale waters

- 4. (1) Die see binne 'n afstand van twaalf seemyle vanaf die basislyne is die territoriale waters van die Republiek. 35
- (2) 'n Wet wat in die Republiek van krag is, met inbegrip van die gemene reg, is ook van toepassing in die territoriale waters en die lugruim bo die territoriale waters. 40
- (3) Die reg op vrye en vreedsame deurvaart is binne die territoriale waters van toepassing.

Aangrensende sone

- 5. (1) Die see anderkant die territoriale waters bedoel in artikel 4, maar binne 'n afstand van vier en twintig seemyle vanaf die basislyne, is die aangrensende sone van die Republiek. 45
- (2) Die Republiek het die reg om binne die aangrensende sone en die lugruim daarbo al die bevoegdhede uit te oefen wat nodig geag word om oortreding van enige fiskale wet of enige wetsbepaling op doeane, emigrasie, immigrasie of sanitasie te verhoed en om sodanige oortreding strafbaar te stel. 50

Maritieme kulturele sone

- 6. (1) Die see anderkant die territoriale waters bedoel in artikel 4, maar binne 'n afstand van vier en twintig seemyle vanaf die basislyne, is die maritieme kulturele sone van die Republiek. 55

- (vi) "Minister" means the Minister of Transport; (viii)
 (vii) "nautical mile" means the international nautical mile of 1 852 metres; (xii)
 (viii) "officially recognised large-scale charts or maps" means large-scale
 5 charts or maps supplied by the Hydrographer of the South African
 Navy and the Chief Surveyor-General, respectively; (i)
 (ix) "prescribed" means prescribed by regulation; (xiii)
 (x) "right of innocent passage" means the right of innocent passage referred
 to in section 2 of the Marine Traffic Act, 1981 (Act No. 2 of 1981); (ix)
 (xi) "sea" means the water of the sea, as well as the bed of the sea and the
 10 subsoil thereof; (xi)
 (xii) "straight line" means the shortest distance between two points on a
 surface; (x)
 (xiii) "this Act" includes the regulations. (iii)

Baselines

- 15 2. (1) Subject to subsections (2) and (3) the low-water line shall be the baseline.
 (2) Notwithstanding subsection (1) straight lines joining the grouped co-
 ordinates mentioned in Schedule 2 shall be the baselines of the relevant part of
 the coast.
 (3) Notwithstanding subsections (1) and (2) the outer limits prescribed or
 20 determined in accordance with subsection (4) or (5) shall be the baselines.
 (4) Outer limits of internal waters referred to in section 3(1)(b) shall be
 established in the prescribed manner.
 (5) In the absence of any outer limits of internal waters prescribed in
 accordance with subsection (4), the outer limits shall be the outermost harbour
 25 works which form an integral part of the harbour system.
 (6) In any proceedings before a court of law any prescribed chart or map shall
 be admissible as *prima facie* proof of the contents thereof.

Internal waters

- 30 3. (1) The internal waters of the Republic shall comprise—
 (a) all waters landward of the baselines; and
 (b) all harbours.
 (2) Any law in force in the Republic, including the common law, shall also
 apply in its internal waters and the airspace above its internal waters.
 (3) The right of innocent passage shall not exist in the internal waters, except
 35 if the internal waters concerned were territorial waters before the commence-
 ment of this Act.

Territorial waters

- 40 4. (1) The sea within a distance of twelve nautical miles from the baselines
 shall be the territorial waters of the Republic.
 (2) Any law in force in the Republic, including the common law, shall also
 apply in its territorial waters and the airspace above its territorial waters.
 (3) The right of innocent passage shall exist in the territorial waters.

Contiguous zone

- 45 5. (1) The sea beyond the territorial waters referred to in section 4, but within
 a distance of twenty four nautical miles from the baselines, shall be the
 contiguous zone of the Republic.
 (2) Within the contiguous zone and the airspace above it, the Republic shall
 have the right to exercise all the powers which may be considered necessary to
 prevent contravention of any fiscal law or any customs, emigration, immigration
 50 or sanitary law and to make such contravention punishable.

Maritime cultural zone

6. (1) The sea beyond the territorial waters referred to in section 4, but within
 a distance of twenty four nautical miles from the baselines, shall be the maritime
 cultural zone of the Republic.

(2) Behoudens enige ander wet het die Republiek, ten opsigte van voorwerpe van 'n argeologiese of historiese aard wat in die maritieme kulturele sone gevind word, dieselfde regte en bevoegdhede as wat hy ten opsigte van sy territoriale waters het.

Eksklusiewe ekonomiese sone

5

7. (1) Die see anderkant die territoriale waters bedoel in artikel 4, maar binne 'n afstand van tweehonderd seemyle vanaf die basislyne, is die eksklusiewe ekonomiese sone van die Republiek.

(2) Behoudens enige ander wet het die Republiek, ten opsigte van alle natuurlike hulpbronne in die eksklusiewe ekonomiese sone, dieselfde regte en bevoegdhede as wat hy ten opsigte van sy territoriale waters het.

10

Vastelandsplat

8. (1) Die vastelandsplat soos omskryf in Artikel 76 van die Verenigde Nasies Seeregkonvensie, 1982, aangeneem te Montegobaai op 10 Desember 1982, is die vastelandsplat van die Republiek.

15

(2) Behoudens enige ander wet, bestaan die buitenste grense van die vastelandsplat uit 'n reeks reguit lyne wat die koördinate vermeld in Bylae 3 verbind.

(3) Vir die doeleindes van—

(a) eksplorاسie en eksplorasie van natuurlike hulpbronne, soos omskryf in paragraaf 4 van Artikel 77 van die Verenigde Nasies se Seeregkonvensie, 1982; en

20

(b) enige wet wat verband hou met die myn van edelgesteentes, metale of minerale, met inbegrip van natuurlike olie, word die vastelandsplat geag onvervreemde Staatsgrond te wees.

25

Toepassing van wette ten opsigte van installasies

9. (1) 'n Wet wat in die Republiek van krag is, met inbegrip van die gemene reg, is ook van toepassing op en ten opsigte van 'n installasie.

(2) By die toepassing van subartikel (1) word 'n installasie geag in die distrik, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), te wees deur die Minister van Justisie aangewys.

30

(3) In die afwesigheid van 'n aanwysing beoog in subartikel (2) word 'n installasie geag in die distrik naaste aan daardie installasie te wees.

35

Maritieme ongelukke

10. Ondanks hierdie Wet of enige ander wet kan die Republiek, in enige gebied van die see of die lugruim bo die see, die maatreëls teen enige see- of lugvaartuig tref wat noodsaaklik is ten einde die kuslyn van die Republiek of verwante belange, met inbegrip van visvangste, te beskerm teen besoedeling of enige dreigende besoedeling voortspruitend uit 'n maritieme ongeluk of 'n handeling of versuim wat verband hou met so 'n ongeluk en wat redelikerwys verwag kan word ernstige skadelike gevolge te hê.

35

40

Selfverdediging

11. Ondanks hierdie Wet of enige ander wet kan die Republiek in enige gebied van die see of die lugruim bo die see, die stappe doen wat noodsaaklik is in die uitoefening van die beginsel van selfverdediging vervat in Artikel 51 van die Handves van die Verenigde Nasies.

45

Wysiging van Bylae 3

12. Die Minister kan Bylae 3 by kennisgewing in die *Staatskoerant* wysig.

Regulasies

13. Die Minister kan regulasies uitvaardig betreffende—

50

(2) Subject to any other law the Republic shall have, in respect of objects of an archaeological or historical nature found in the maritime cultural zone, the same rights and powers as it has in respect of its territorial waters.

Exclusive economic zone

5 7. (1) The sea beyond the territorial waters referred to in section 4, but within a distance of two hundred nautical miles from the baselines, shall be the exclusive economic zone of the Republic.

(2) Subject to any other law the Republic shall have, in respect of all natural resources in the exclusive economic zone, the same rights and powers as it has
10 in respect of its territorial waters.

Continental shelf

8. (1) The continental shelf as defined in Article 76 of the United Nations Convention on the Law of the Sea, 1982, adopted at Montego Bay on 10 December 1982, shall be the continental shelf of the Republic.

15 (2) Subject to any other law the outer limits of the continental shelf shall consist of a series of straight lines joining the co-ordinates mentioned in Schedule 3.

(3) For the purposes of—

20 (a) exploration and exploitation of natural resources, as defined in paragraph 4 of Article 77 of the United Nations Convention on the Law of the Sea, 1982; and

(b) any law relating to mining of precious stones, metals or minerals, including natural oil,
the continental shelf shall be deemed to be unalienated State land.

25 Application of laws in respect of installations

9. (1) Any law in force in the Republic, including the common law, shall also apply on and in respect of an installation.

(2) For the purposes of subsection (1) an installation shall be deemed to be within the district, as defined in section 1 of the Magistrates' Courts Act, 1944
30 (Act No. 32 of 1944), designated by the Minister of Justice.

(3) In the absence of a designation contemplated in subsection (2) an installation shall be deemed to be within the district nearest to that installation.

Maritime casualties

35 10. Notwithstanding this Act or any other law the Republic may, in any area of the sea or the airspace above the sea, take such measures as are necessary against any vessel or aircraft in order to protect the coastline of the Republic or related interests, including fishing, from pollution or any threat of pollution resulting from a maritime casualty or an act or omission relating to such a casualty and which may reasonably be expected to result in major harmful
40 consequences.

Self-defence

45 11. Notwithstanding this Act or any other law the Republic may take such action in any area of the sea or in the airspace above the sea, as is necessary in the exercise of the principle of self-defence contained in Article 51 of the Charter of the United Nations.

Amendment of Schedule 3

12. The Minister may by notice in the *Gazette* amend Schedule 3.

Regulations

13. The Minister may make regulations regarding—

- (a) die erkenning van 'n laagwaterlyn aangedui op amptelik erkende grootskalige see- of landkaarte wat die laagwaterlyn vir die doeleindes van artikel 2(1) uitmaak;
- (b) die vasstelling van koördinate op die laagwaterlyn by die natuurlike ingangspunte van baaie en by die mondings van riviere en estuaria benewens die koördinate vermeld in Bylae 2; 5
- (c) die omskrywing van die buitenste grense van binnewaters binne hawens soos aangedui op amptelik erkende grootskalige see- of landkaarte;
- (d) enige aangeleentheid wat by hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word of wat nodig of dienstig is om voorgeskryf te word ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik. 10

Toepassing van Wet op Prince Edward-eilande

14. Hierdie Wet is ook van toepassing op die Prince Edward-eilande soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Prince Edward-eilande, 1948 (Wet No. 43 van 1948). 15

Herroeping en wysiging van wette, en voorbehoude

15. (1) Die wette in Bylae 1 vermeld, word hierby herroep of gewysig in die mate in die derde kolom van die Bylae aangedui.
- (2) 'n Verwysing na die binnewaters, territoriale waters of vastelandsplat in enige ander wet word uitgelê as 'n verwysing na onderskeidelik die binnewaters, territoriale waters of vastelandsplat in hierdie Wet bedoel. 20
- (3) 'n Verwysing na die visserysone in enige ander wet wat verband hou met bewaring, bestuur of eksploitasie van lewende mariene hulpbronne word uitgelê as 'n verwysing na die eksklusiewe ekonomiese sone in hierdie Wet bedoel.
- (4) 'n Verwysing na die visserysone in enige ander wet wat verband hou met fiskale aangeleenthede of aangeleenthede met betrekking tot doeane, emigrasie, immigrasie of sanitasie word uitgelê as 'n verwysing na die aangrensende sone in hierdie Wet bedoel. 25

Kort titel

16. Hierdie Wet heet die Wet op Maritieme Sones, 1994. 30

- (a) the recognition of a low-water line indicated on officially recognised large-scale charts or maps as constituting the low-water line for the purposes of section 2(1);
- 5 (b) the establishment of co-ordinates on the low-water line at the natural entrance points of bays and at the mouths of rivers and estuaries in addition to those co-ordinates mentioned in Schedule 2;
- (c) the definition of the outer limits of internal waters within harbours as indicated on officially recognised large-scale charts or maps;
- 10 (d) any matter which by this Act is required or permitted to be prescribed or which may be necessary or expedient to be prescribed in order to achieve the objectives of this Act.

Application of Act to Prince Edward Islands

14. This Act shall also apply to the Prince Edward Islands as defined in section 1 of the Prince Edward Islands Act, 1948 (Act No. 43 of 1948).

15 Repeal and amendment of laws, and savings

15. (1) The laws mentioned in Schedule 1 are hereby repealed or amended to the extent set out in the third column of the Schedule.

(2) Any reference to the internal waters, territorial waters or continental shelf in any other law shall be construed as a reference to the internal waters, 20 territorial waters or continental shelf referred to in this Act, respectively.

(3) Any reference to the fishing zone in any other law in relation to conservation, management or exploitation of living marine resources shall be construed as a reference to the exclusive economic zone referred to in this Act.

(4) Any reference to the fishing zone in any other law in relation to fiscal 25 matters or matters concerning customs, emigration, immigration or sanitation shall be construed as a reference to the contiguous zone referred to in this Act.

Short title

16. This Act shall be called the Maritime Zones Act, 1994.

Bylae 1

WETTE HERROEP OF GEWYSIG

(Artikel 15(1))

No. en jaar van Wet	Titel	Omvang van herroeping of wysiging
Wet No. 87 van 1963	Wet op Territoriale Waters, 1963	Herroeping van die geheel
Wet No. 98 van 1977	Wysigingswet op Territoriale Waters, 1977	Herroeping van die geheel
Wet No. 8 van 1978 (Transkei)	"Territorial Waters Act, 1978"	Herroeping van die geheel
Wet No. 2 van 1981	Wet op Seeverkeer, 1981	Wysiging van artikel 1 deur die omskrywing van "binnewaters" deur die volgende omskrywing te vervang: " 'binnewaters' binnewaters soos bedoel in artikel 3 van die Wet op Maritieme Sones, 1994;"
Wet No. 12 van 1986 (Ciskei)	"Territorial Waters Act, 1986"	Herroeping van die geheel
Wet No. 12 van 1988	Wet op Seevisserij, 1988	Wysiging van artikel 1 deur die omskrywing van "visserysone" deur die volgende omskrywing te vervang: " 'visserysone' die territoriale waters van die Republiek en die eksklusiewe ekonomiese sone soos bedoel in onderskeidelik artikels 4 en 7 van die Wet op Maritieme Sones, 1994;"
Wet No. 129 van 1993	Derde Algemene Regswysigingswet, 1993	Herroeping van artikels 30 en 31

Schedule 1

LAWS REPEALED OR AMENDED

(Section 15(1))

No. and year of Act	Title	Extent of repeal or amendment
Act No. 87 of 1963	Territorial Waters Act, 1963	Repeal of the whole
Act No. 98 of 1977	Territorial Waters Amendment Act, 1977	Repeal of the whole
Act No. 8 of 1978 (Transkei)	Territorial Waters Act, 1978	Repeal of the whole
Act No. 2 of 1981	Marine Traffic Act, 1981	Amendment of section 1 by the substitution for the definition of "internal waters" of the following definition: " 'internal waters' means <u>internal waters referred to in section 3 of the Maritime Zones Act, 1994;</u> "
Act No. 12 of 1986 (Ciskei)	Territorial Waters Act, 1986	Repeal of the whole
Act No. 12 of 1988	Sea Fishery Act, 1988	Amendment of section 1 by the substitution for the definition of "fishing zone" of the following definition: " 'fishing zone' means the <u>territorial waters of the Republic and the exclusive economic zone referred to in sections 4 and 7 of the Maritime Zones Act, 1994, respectively;</u> "
Act No. 129 of 1993	General Law Third Amendment Act, 1993	Repeal of sections 30 and 31

Bylae 2

REGUIT BASISLYNE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

(Hierdie koördinate is op die WGS84 Sferoïde gebaseer tot 'n akkuraatheid van 1" (boog))

Breedte Suid	Lengte Oos	Breedte Suid	Lengte Oos	Breedte Suid	Lengte Oos	Breedte Suid	Lengte Oos
° ' "	° ' "	° ' "	° ' "	° ' "	° ' "	° ' "	° ' "
32 19 01.04	18 18 54.50	34 01 44.04	18 18 19.82	34 49 53.34	19 58 07.83	34 26 16.04	21 18 38.90
32 44 12.00	17 52 06.00	34 01 44.33	18 18 19.78	34 50 06.29	19 59 26.45	34 26 15.54	21 18 40.94
32 44 12.00	17 52 06.00	34 01 44.33	18 18 19.78	34 50 06.29	19 59 26.45	34 26 15.54	21 18 40.94
32 49 06.25	17 50 47.43	34 02 12.78	18 18 18.31	34 50 06.26	19 59 27.04	34 23 43.55	21 43 48.63
32 49 06.25	17 50 47.43	34 02 12.78	18 18 18.31	34 50 06.26	19 59 27.04	34 23 43.55	21 43 48.63
32 49 29.09	17 50 40.60	34 02 42.02	18 18 23.37	34 50 04.57	19 59 51.13	34 20 18.88	21 54 54.01
32 49 29.09	17 50 40.60	34 02 42.02	18 18 23.37	34 50 04.57	19 59 51.13	34 20 18.88	21 54 54.01
32 49 30.75	17 50 40.34	34 03 56.86	18 18 35.74	34 50 02.46	20 00 22.48	34 11 15.44	22 09 39.74
32 49 30.75	17 50 40.34	34 03 56.86	18 18 35.74	34 50 02.46	20 00 22.48	34 11 15.44	22 09 39.74
32 49 41.32	17 50 44.24	34 08 45.60	18 19 09.69	34 50 01.59	20 00 26.57	34 05 43.00	22 58 48.00
32 49 41.32	17 50 44.24	34 23 15.31	18 49 37.02	34 50 01.59	20 00 26.57	34 05 43.00	22 58 48.00
33 00 02.00	17 51 48.00	34 38 23.66	19 17 19.40	34 49 53.62	20 00 52.57	34 06 40.43	23 24 25.37
33 00 02.00	17 51 48.00	34 38 23.66	19 17 19.40	34 49 53.62	20 00 52.57	34 06 40.43	23 24 25.37
33 02 29.08	17 53 30.62	34 38 24.23	19 17 21.14	34 48 48.42	20 03 19.31	34 12 49.36	24 50 12.70
33 02 29.08	17 53 30.62	34 38 24.23	19 17 21.14	34 48 48.42	20 03 19.31	34 12 49.36	24 50 12.70
33 09 07.08	17 58 48.10	34 41 24.43	19 24 09.05	34 48 47.51	20 03 21.27	34 12 49.81	24 50 14.69
33 09 07.08	17 58 48.10	34 41 24.43	19 24 09.05	34 48 47.51	20 03 21.27	34 12 49.81	24 50 14.69
33 24 51.08	18 04 23.49	34 46 53.08	19 38 05.33	34 48 42.82	20 03 29.04	34 12 49.28	24 50 16.66
33 24 51.08	18 04 23.49	34 46 53.08	19 38 05.33	34 48 42.82	20 03 29.04	34 12 49.28	24 50 16.66
33 26 00.50	18 04 23.59	34 47 19.28	19 39 09.17	34 28 28.22	20 50 53.92	34 02 58.11	25 37 41.59
33 26 00.50	18 04 23.59	34 47 19.28	19 39 09.17	34 28 28.22	20 50 53.92	34 02 58.11	25 37 41.59
33 26 08.45	18 04 24.91	34 47 19.82	19 39 10.62	34 26 18.84	21 17 58.22	34 01 56.36	25 42 10.97
33 26 08.45	18 04 24.91	34 47 19.82	19 39 10.62	34 26 18.84	21 17 58.22	34 01 56.36	25 42 10.97
33 26 08.58	18 04 25.24	34 47 19.88	19 39 11.86	34 26 19.51	21 18 00.22	33 50 34.37	26 17 18.45
33 26 08.58	18 04 25.24	34 47 19.88	19 39 11.86	34 26 19.51	21 18 00.22	33 50 34.37	26 17 18.45
33 48 07.47	18 21 28.13	34 49 52.73	19 58 04.62	34 26 18.93	21 18 10.18	33 50 34.29	26 17 22.50
33 48 07.47	18 21 28.13	34 49 52.73	19 58 04.62	34 26 18.93	21 18 10.18	33 50 34.29	26 17 22.50
34 01 44.04	18 18 19.82	34 49 53.34	19 58 07.83	34 26 16.04	21 18 38.90	33 46 23.96	26 28 07.66

Schedule 2

STRAIGHT BASELINES OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

(These co-ordinates are based on the WGS84 Spheroid to an accuracy of 1" (arc))

Latitude South	Longitude East	Latitude South	Longitude East	Latitude South	Longitude East	Latitude South	Longitude East
° ' "	° ' "	° ' "	° ' "	° ' "	° ' "	° ' "	° ' "
32 19 01.04	18 18 54.50	34 01 44.04	18 18 19.82	34 49 53.34	19 58 07.83	34 26 16.04	21 18 38.90
32 44 12.00	17 52 06.00	34 01 44.33	18 18 19.78	34 50 06.29	19 59 26.45	34 26 15.54	21 18 40.94
32 44 12.00	17 52 06.00	34 01 44.33	18 18 19.78	34 50 06.29	19 59 26.45	34 26 15.54	21 18 40.94
32 49 06.25	17 50 47.43	34 02 12.78	18 18 18.31	34 50 06.26	19 59 27.04	34 23 43.55	21 43 48.63
32 49 06.25	17 50 47.43	34 02 12.78	18 18 18.31	34 50 06.26	19 59 27.04	34 23 43.55	21 43 48.63
32 49 29.09	17 50 40.60	34 02 42.02	18 18 23.37	34 50 04.57	19 59 51.13	34 20 18.88	21 54 54.01
32 49 29.09	17 50 40.60	34 02 42.02	18 18 23.37	34 50 04.57	19 59 51.13	34 20 18.88	21 54 54.01
32 49 30.75	17 50 40.34	34 03 56.86	18 18 35.74	34 50 02.46	20 00 22.48	34 11 15.44	22 09 39.74
32 49 30.75	17 50 40.34	34 03 56.86	18 18 35.74	34 50 02.46	20 00 22.48	34 11 15.44	22 09 39.74
32 49 41.32	17 50 44.24	34 08 45.60	18 19 09.69	34 50 01.59	20 00 26.57	34 05 43.00	22 58 48.00
32 49 41.32	17 50 44.24	34 23 15.31	18 49 37.02	34 50 01.59	20 00 26.57	34 05 43.00	22 58 48.00
33 00 02.00	17 51 48.00	34 38 23.66	19 17 19.40	34 49 53.62	20 00 52.57	34 06 40.43	23 24 25.37
33 00 02.00	17 51 48.00	34 38 23.66	19 17 19.40	34 49 53.62	20 00 52.57	34 06 40.43	23 24 25.37
33 02 29.08	17 53 30.62	34 38 24.23	19 17 21.14	34 48 48.42	20 03 19.31	34 12 49.36	24 50 12.70
33 02 29.08	17 53 30.62	34 38 24.23	19 17 21.14	34 48 48.42	20 03 19.31	34 12 49.36	24 50 12.70
33 09 07.08	17 58 48.10	34 41 24.43	19 24 09.05	34 48 47.51	20 03 21.27	34 12 49.81	24 50 14.69
33 09 07.08	17 58 48.10	34 41 24.43	19 24 09.05	34 48 47.51	20 03 21.27	34 12 49.81	24 50 14.69
33 24 51.08	18 04 23.49	34 46 53.08	19 38 05.33	34 48 42.82	20 03 29.04	34 12 49.28	24 50 16.66
33 24 51.08	18 04 23.49	34 46 53.08	19 38 05.33	34 48 42.82	20 03 29.04	34 12 49.28	24 50 16.66
33 26 00.50	18 04 23.59	34 47 19.28	19 39 09.17	34 28 28.22	20 50 53.92	34 02 58.11	25 37 41.59
33 26 00.50	18 04 23.59	34 47 19.28	19 39 09.17	34 28 28.22	20 50 53.92	34 02 58.11	25 37 41.59
33 26 08.45	18 04 24.91	34 47 19.82	19 39 10.62	34 26 18.84	21 17 58.22	34 01 56.36	25 42 10.97
33 26 08.45	18 04 24.91	34 47 19.82	19 39 10.62	34 26 18.84	21 17 58.22	34 01 56.36	25 42 10.97
33 26 08.58	18 04 25.24	34 47 19.88	19 39 11.86	34 26 19.51	21 18 00.22	33 50 34.37	26 17 18.45
33 26 08.58	18 04 25.24	34 47 19.88	19 39 11.86	34 26 19.51	21 18 00.22	33 50 34.37	26 17 18.45
33 48 07.47	18 21 28.13	34 49 52.73	19 58 04.62	34 26 18.93	21 18 10.18	33 50 34.29	26 17 22.50
33 48 07.47	18 21 28.13	34 49 52.73	19 58 04.62	34 26 18.93	21 18 10.18	33 50 34.29	26 17 22.50
34 01 44.04	18 18 19.82	34 49 53.34	19 58 07.83	34 26 16.04	21 18 38.90	33 46 23.96	26 28 07.66

Bylae 3

GRENSE VAN DIE VASTELANDSPLAT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

